NUUSVRYSTELLING

NASIONALE BOER VAN DIE JAAR AANGEWYS

Landbouskrywers SA se nasionale Boer, Landboukundige en Opkomende Boer van die Jaar vir 2009 is aangewys.

Bernhardt du Toit van die Langrivier Boerdery in die Wes-Kaap is die nasionale Boer van die Jaar. Hy het die grootste swart ekonomiese bemagtigingstransaksie in landbou tot dusver in die Wes-Kaap deurloop waar 242 plaaswerkers mede-eienaars van die boerdery geword het. In die R50 miljoen transaksie behoort 'n derde van dié onderneming nou aan heeltydse en seisoenale plaaswerkers.

Prof Hennie Snyman, hoof van Weidingkunde aan die Universiteit van die Vrystaat, is die nasionale Landboukundige van die Jaar. Hy geniet wêreldwye erkennig vir sy omvangryke bydrae tot weidingkundige en landbouwetenskap. Sy breë navorsingstema is die volhoubare benutting van die weiding-ekostelsel in veral droër dele.

Die Luthando Plaaswerkerstrust in die Sondagsriviervallei in die Oos-Kaap is die nasionale Opkomende Boer van die Jaar. Die trust is een van die suksesvolste swart bemagtigingprojekte in landbou. Altesaam 59 sitrusboere het 'n lening van R2,8 miljoen van die Land Bank wat oor 25 jaar afbetaal moes word, binne vyf jaar gedelg.

Die jaarlikse toekennings is vanaand in Gauteng gemaak en word deur Mutual & Federal Agri, Nedbank en Old Mutual geborg.

Nege veelsydige boere met uitgestrekte ondernemings – streekwenners uit die nege provinsies - het meegeding. Hulle is Ludwig Taschner van Gauteng, John Jackson van KwaZulu-Natal, André Tonkin van Mpumalanga, Josua van der Walt van Noordwes, Tian Kruger van Limpopo, Clan Leslie Estates van die Vrystaat, Frank Lawrence van die Noord-Kaap, Hannes Joubert van die Oos-Kaap en Bernhardt du Toit van die Wes-Kaap.

Nege landboukundiges wat elkeen omvangryke bydraes tot die landbou in Suid-Afrika maak, het meegeding. Hulle is Hans van der Merwe van Gauteng, Prof Albert Modi van KwaZulu-Natal, Johan Roos van Mpumalanga, Prof Alex McDonald van Noordwes, Nico le Roux van Limpopo, Prof Hennie Snyman van die Vrystaat, Phil van der Merwe van die Noord-Kaap, Prof Lawrance Hunter van die Oos-Kaap en Prof Chrisjan Cruywagen van die Wes-Kaap.

Die opkomende boere wat meegeding het is Peter Nyathi van Noordwes, die Kobo-gesin van die Vrystaat, die Luthando Plaaswerkerstrust van die Oos-Kaap en Wadea Jappie van die Wes-Kaap.

Uitgereik deur:	Ben Rootman Junxion Communications 012 804 8812 082 551 4853
Vir:	Magda du Toit Landbouskrywers SA 011 790 8254 082 388 0187
Datum:	Vrydag, 13 November 2009